# Liturgiese Riglyne

**<u>S O N D A G O G G E N D 08:00 EN 09:30</u>**

## God vervul ons met verwondering

**<u>Skriflesing</u>:**
Romeine 11:33-36
Efesiërs 3:14-21

**<u>Teksvers</u>**:
Romeine 11:33 en 36

**<u>Sing</u>**:
Ps 38:1, 2
Ps 79;5, 6
Sb 15-1:1-4
Sb 2-5:1, 3
Sb 13-2

**Prediker**: Ds Cassie Aucamp

Kan jy onthou hoe jy as kind in stomme verbasing en verwondering na iets gestaar het. Opgewonde! Hand voor die mond van pure verbasing. iets wonderliks wat jy gekry het? Jy kon dit nie glo nie... tog: daar is dit voor jou oë...

Ek dink dit is met so 'n absolute gevoel van verwondering waarmee Paulus Rom. 11:33-36 geskryf het. Sorgvuldig, keurig onderrig hy in die hele Romeinebrief sy lesers oor die waarheid van die evangelie van Jesus Christus.

En dan, asof uit die bloute, oorweldig dit wat hy so sorgvuldig skryf, oorweldig dit hom. En dis asof hy sy leraarspen neersit, en spontaan 'n lied begin sing... 'n lied van verwondering. Verwondering oor die God wat hierdie verlossing aan 'n verlore mensdom bewerk en geskenk het.

*O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God. Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik is sy weë!*

Raak ons nog in verwondering oor die skatte van die evangelie, dat ons in verbasing daardeur oorweldig word.

**<u>S O N D A G A A N D 18:00</u>**

## Hoor God se genade in sy oordeelsaankondiging

**<u>Skriflesing</u>:**
Esegiël 8

**<u>Teksvers</u>:**
Esegiël 8:18

**<u>Sing</u>**:
Ps 84-1:1,2
Ps 130-1: 1,2
Ps 130-1:3,4
Ps 84-1:3,6
Ps 47:3,4

**Prediker**: Ds Paul vd Berg

Hierdie aankondiging in <u>Esegiël</u> 8 vind kort voor die ballingskap plaas. Verder word ook aangekondig dat die Here se teenwoordigheid hulle gaan verlaat as gevolg van die leiers van Israel se openlike beoefening van afgodediens. Asof die Here dit nie sou raaksien nie!!!

In hierdie gesig het die Here vir Esegiël na die tempel en die stad Jerusalem gevat om die geestelike verval van die geestelike leiers te sien. Tog is daar in Esegiël 8 -11 wel 'n aanduiding dat daar vir hulle 'n sprankie hoop oor is. God dui aan dat Hy *vir hulle 'n heiligdom* sal bly tydens die ballingskap. Daar is ook 'n belofte deur die Here dat hulle in die toekoms na Israel sal terugkeer. Esegiël 8 vereis egter dat die leiers van Israel tot hulle sinne sal kom. Hulle kan hulleself nie verder mislei om te dink dat die Here nie hulle afgodsdiens raak sien nie.

Die Here roep ons deur die Heilige Gees op om by hernuwing weer na ons eie sondige lewe en praktyke te kyk. Hoe ver staan jy werklik van die Here af? Is die oordeel van die Here ook vir jou voor die deur of hoor jy die roepstem van die Here se genade te midde van oordeel en gevaar dat die Here se teenwoordigheid van ons onttrek kan word?




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 34 10 Oktober 2021**


## *"Hef op julle hoofde o poorte, ja verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan"* Ps 24:7 ('53).

Dis nou meer as 'n jaar dat ons kerkgang onder druk staan van regulasies en kommer weens die virus-bedreiging. Ons het daarmee probeer om mekaar te beskerm en om aan die owerheid se voorstelle gehoor te gee. Dit het egter tot groot hartseer gelei weens die klein getalle van eredienste en aanbidding in ons gemeente. Soms het ons selfs voor 'n totaal leë kerk gepreek! Waar die eredienste die hoogtepunt van ons aanbidding van die week is en die enigste ware samekoms in eenheid van God se volk, was dit pynlik om in klein getalle en met versplinterde eredienste die beste van 'n slegte saak te probeer maak. Ons is dankbaar vir die elektroniese uitsendings wat gedurende hierdie tyd kon plaasvind sodat ons nog steeds ons lidmate kon bereik. Maar die vreugde van 'n erediens met koinonia en gesamentlike aanbidding het ontbreek.

Nou het die kerkraad besluit om weer **vanaf 17 Oktober net een oggenddiens** en een aanddiens te hou ter wille van die herstel van die gemeentelike samekomste en die eensgesinde aanbidding van sy Naam. Ook die kategese en die koinonia (gemeenskap van die heiliges) moet weer voortgaan en almal word opgeroep om dit in die geloof te omhels.

Alhoewel die Skrif nêrens 'n direkte opdrag gee tot spesifieke Sondag-eredienste nie, is dit wel die verstaan van die hele Bybel dat die erediens die hoogtepunt van die week is waar God in ontmoeting met sy volk tree. So behou ons die geloof en kry Hy die nodige eer en lofprysing wat Hom toekom. Die ontmoeting met God is dus heilig en heerlik en roep sy Gees ons weekliks daartoe op, en ons gaan in gehoorsaamheid kerk toe saam met ons kinders wat Hy ons gegee het. Ons vra Hom ook om in ons midde te wees en ons te seën met sy teenwoordigheid.

In **Psalm 24** sing die koor die eerste deel as die ark gedra word tot voor die deure van die tempel. En dan kom die groter koor en sing die tweede deel: *Maak oop! Die Ere-Koning wil ingaan!! En die ou stadspoorte of selfs mooiste tempelpoorte is té klein, té gewoon, té aards,... verhef julle. Verhoog julle! Maak groter oop!! Christus wil deur sy Gees in julle midde en in julle harte woon!*

So roep die Heilige Gees ons ook op om die deure van jou hart groter te maak. Die Here wil daar woon en jou seën met sy teenwoordigheid. Laat jou hele week dan een wees van uitsien en voorberei vir die volgende geleentheid om kerk toe te gaan en maak die deure van julle harte wyer en wyer oop. So sal die Here groter en groter lof ontvang en ons sal vervul raak met sy goedheid en vermenigvuldig en sy genade en vrede.

Di Maarten, Gerrit, Lourens

## *ALGEMENE INLIGTING*
### *EREDIENSTYE*

*Meer as oorwinnaars!*

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 9:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *09:00 - 14:00*

Telefoon: **060 696 7373**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

***Maandelikse bydraes dmv EFT***
***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## Erediensbywoning

Goeie more broers, susters en kinders. Dis met groot vreugde en dankbaarheid in ons harte dat ons vanoggend bekend maak dat ons terugbeweeg na die normale eredienstye en reëlings. Ons beweeg dus terug na een oggend-erediens om 09:00 gevolg deur die Engelse diens om 11 uur en weer 'n Afrikaanse erediens om 18:00. Dieselfde reëlings rondom die dra van maskers, veilige afstand handhaaf en sanitering sal bly geld. Die katkisasie sal ook weer in aanvang neem, direk na afloop van die oggend-erediens. Die nuwe reëlings tree in werking vanaf **Sondag, 17 Oktober** en geld tot verdere kennisgewing. Kom woon gerus die erediens by om weer die koinonia aan te wakker en om weer mekaar te ontmoet en leer ken na soveel maande van afsondering en eensydigheid. Kom loof die Here saam as gemeente en dank Hom vir Sy wonderlike hand van beskerming en sy eindelose genade.
Groete en seënwense.
Kerkraad

## *Katkisasie*

Aangesien ons as gemeente weer terugkeer na ons gewone eredienstye, soos wat dit voor die inperkings was, kan die katkisasie ook weer normaal voortgaan by die kerk.

Laerskool katkisasie begin vanaf **17 Oktober weer direk na die oggenderediens**.

Ouers is welkom om koffie of tee te drink terwyl hulle vir die kinders wag.

Die lesse vir die res van die jaar is as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 17 Okt: Les 21 | 24 Okt: Les 22 | 31 Okt: Les 23 | 7 Nov: Les 24 |
| 14 Nov: Les 25 | 21 Nov: Katkisasieafsluiting in die kerk | | |

Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser

Die Gereformeerde Kerk Centurion
nooi u hartlik uit na ons

**PSALMFEES**

kom sing saam in die kerk gebou soos regulasies dit toelaat DV

Sondag 31 Okt 21

15:00 - 17:00

of by die huis met jou groepie mense en volg aanlyn - sien gkcenturion.co.za vir die link

**TEMA: SOLI DEO GLORIA**

### Geestelike opbou
### 17 Oktober 2021
### na afloop van die aanddiens

Crossroads Prison Ministries gaan vertel van hulle werk in die tronke en van die wonderlike dade van die Here.

Ons is ook op soek na nog mense om as mentors op te tree vir hierdie werk. Dit behels die merk van lesse vanaf 'n memorandum en die skryf van 'n brief van bemoediging aan die gevangenes. U kan dus op u eie tyd en in die gemak van u huis deel word van hierdie evangelisasie poging en om inspraak te lewer in 'n persoon se lewe. Meeste mentors kan getuig dat hulle self daardeur geestelik verryk word.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het baie kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help om jou selfvertoue te verbeter met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Gaan kyk asb na my web: tauwi.co.za (Tutoring as you want it). Ons kan aanlyn werk of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.




Vrydagaand, 22 Okt om 19:00
Saterdagmiddag, 23 Okt 15:00
Prys: R250,00pp
Plek : NG Kerk Elarduspark
Duetpare is: Nadia Beukes en Willem Botha; Manuel Escorcio en Zita Pretorius; Louis Loock van Romanz en Loriska Smidt; du Preez Stoltz en Charlize Berg.
Navrae: Ds Lourens Venter 082 5292 330
Bespreking en betaling van kaartjies—kerkkantoor:
**060 696 7373**

## Die Skep-Hoop-Fonds

Die Skep Hoop Fonds is aan die begin van Covid pandemie geskep om uitsluitlik mense in ons gemeente by te staan wat as gevolg van die pandemie finansiële nood het.

Sedert die fonds geskep is, is 'n bedrag van R614,584 ontvang waarvan R398,596 reeds uitbetaal is aan gemeentelede in nood.

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949
Rudy Kruger 082 466 6035
Petra Swanepoel 082 92 77324
Theuns Louw 082 815 4275
Drikus van der Walt 060 569 2608

## GK Lyttelton Silwer Krone

Lentetee met Mathys Roets
Datum: 14 Oktober
Tyd: 10:00
Plek: GK Lyttelton h/v Stasie & Monument
Koste: R50
Bespreek u plek Jan Plomp 084 767 4880

**GEREFORMEERDE JEUGVERENIGING**
PRETORIA—Kamp 2021
**Op 'n Rots gebou**

Waar? Warthog Inn (Brits)
Wanneer? 22-24 Oktober 2021
Kostes? R400 per persoon
Wie? Studente en jongwerkendes (18-30 jaar)

Gesels voor 17 Oktober met ds Lourens as jy wil saamkom



# *Ons gee om vir Mekaar*

*"...die Here sal my onder sy sorg neem."* Ps 27:10

- Camelius vd Riet was die week ernstig siek in Midstream Hospitaal (C15—083 642 8887).
- Hennie Lee is weer opgeneem in die hospitaal (A9—072 536 4525).
- Meelewing word betuig met Corrie, Letitia en Casper Cassidy na die afsterwe van Pat gedurende die week. Troosdiens komende Woensdag, 13 Oktober om 11:00 te Shelanti.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# *Geluk*

♥ Jaco en Ashley Wentzel met die geboorte van Cobus.

## *Koningskinders*

Almal wat belangstel om te help met die Koningskinders stalletjie tydens ons evangelisasie naweek, kontak asb vir ds Lourens

# *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Emeritaatsversorging

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Biblos

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 is tjeks as 'n betaalmetode gestaak.

# Evangelisasie Naweek!!

**Saterdag 30 Oktober van 15:00 tot 20:00**
**Sondag 31 Oktober – Erediens – Prof Naas Ferreira**
***Kos vir Saterdagaand word gereel en kaartjies sal verkoop word***

## Kom kyk Waarmee GK Centurion besig is!!

**Kom kuier saam met die gemeente rondom die tema van Evangelisasie**

**Ons kyk na die werksaamhede binne die GK Centurion, die breë GK verband en ook internasionale Evangelisasie aksies**

**Prof Naas Ferreira vertel ons meer wat die GKSA doen en Francois Rauch van Harversters Ministries gesels oor "Die triomf van die evangelie wêreldwyd"**

**Kom besoek ons stalletjies van die aksies binne die kerk en kom kyk waar jy betrokke kan raak**

# Evangelisasie Naweek!!

**Saterdag 30 Oktober van 15:00 to 20:00**
**Sondag 31 Oktober – Evangelisasie Eredienste**
***Ete kaartjies Beskikbaar***

## Kom kuier saam met die gemeente rondom die tema van Evangelisasie

**Saterdag 30 Okt – namiddag en aand**

**15:00 – 17:00 – Aankoms, kuier en eet**
**17:00 – 18:00 – Aanbieding (Harvesters)**
**18:00 – 19:00 – Kom kyk waarmee GK Centurion besig is!!**
**19:00 – 20:00 – Aanbieding (Prof Naas Ferreira)**

**Sondag 31 Okt – Oggenddienste – Prof Naas Ferreira**








# VERJAARSDAE

### BELYDENDE LIDMATE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 11 Okt | Willem | Prinsloo | C15 | 27829008495 |
| | Tanya | van der Bijl | C04 | 27732144780 |
| 12 Okt | Magda | Erwee | C01 | 27824678376 |
| | Helene | Kruger | A10 | 27718777915 |
| 13 Okt | Elza | Grobler | C07 | 27829628494 |
| | Zillah | Johl | B06 | 27832991013 |
| | Tillie | Kloppers | C03 | 27827530525 |
| | Helene | Kruger | B15 | 27824483406 |
| 14 Okt | Annelie | Etsebeth | B13 | 27832583314 |
| | Simone | Jv Rensburg | C03 | 27820987361 |
| | Nadia | Nel | B19 | 27828800797 |
| | Nelia | Prinsloo | A02 | 6644368 |
| | Michiel | van Rooy | C04 | 27825580373 |
| | Andrea | Zaayman | C10 | 27729906432 |
| 15 Okt | Bertie | Stavast | C09 | 27827855475 |
| 16 Okt | Ingemari | Briel | B02 | 27736180652 |

### DOOPLIDMATE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 11 Okt | Hesti | vd Walt | B03 | 27836259778 |
| 12 Okt | Lana | van Zyl | B05 | 27825795853 |
| 14 Okt | Gideon | Cronje | C05 | 27763079223 |
| | Leah | Maree | C02 | 27824412799 |
| 16 Okt | Ian | Gerber | C14 | 27827227097 |

**Juventus** elke Donderdagaand 19:00 by die kerkgebou.

**GTA Grot**, kom kuier saam elke Sondagaand na die diens.

Ons beplan 'n **GKA** vir ons laerskooljeug op Vrydag, 15 Oktober vanaf 16:00. Boeresport en braai.

## Senior Aksie

Die Senior Aksie vergader DV Maandag, 11 Oktober 2021 om 10:00 in die Kerksaal.

Orgaanskenking Ja of Nee

Maandagoggend tydens die Senior Aksie gaan ons praat oor orgaanskenking. Ds. Gerrit gaan Bybelse-riglyne hieroor gee en dan gaan Marna Horn met ons praat oor orgaanskenking. Senior burgers kan wel nog as orgaanskenkers geregistreer word. Al die seniors word uitgenooi om die oggend saam te kom geniet en meer inligting hieroor te ontvang.

"*Slegs 0.02% van Suid-Afrika se bevolking is tans geregistreer as orgaanskenkers. Meer as 3600 persone wag jaarliks vir organe. Slegs sowat 100 orgaanskenkings word jaarliks in Suid-Afrika gedoen. Sowat 5% van die Suid-Afrikaners kan jaarliks organe skenk.*" (Karin Barnard:http://vlv.co.za/2019/06/26/waarom-is-orgaanskenking-so-belangrik/)

Persone wat geskik is as skenkers:

- Alle ouderdomme. Ouer as 80 jaar raak die gebruik van organe en weefsel laer.
- Gesonde persone sonder kanker en ernstige oordraagbare siektes( HIV en Hepatitis)
- Elke persoon en situasie word egter individueel geëvalueer.

Die pasiënt wat wag vir 'n orgaan of weefsel en sy familie stap 'n moeilike pad.

## GKC Kosbank

Die diakonie en die susters het 'n nuwe projek op die been gebring - GKC Kosbank.
Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses (bv Covid 19/kanker).
Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.